HOËRSKOOL RANDBURG

Algemene Oueromsendbrief No. 18 van 2020

29 Junie 2020

Geagte Ouers/Voogde Onderwysers en Leerders

Kovid-19-oorsig

Die Kovid-19-virus is ’n wêreldwye pandemie wat ons almal se lewens direk raak. Daar word baie navorsing oor die virus gedoen en elke dag word iets nuuts geleer. Ons ken dus nie die antwoorde op al die vrae nie en weet ook nog nie altyd wat die regte vrae is om te vra nie. Elkeen van ons het die verantwoordelikheid om op hoogte te bly van nuwe ontwikkelinge soos dit in die media versprei word en om te verseker dat fopnuus nie ons oordeel belemmer nie. Dit is raadsaam om te let op inligting wat deur amptelike organisasies en erkende wetenskaplikes versprei word. Sosiale media en leke opinies kan nie ons primêre bron van die absolute waarheid word nie.

Kovid-19 is hier om vir ’n geruime tyd nog deel van ons lewens te wees. Die stygende getal infeksies landswyd maak mense meer bekommerd oor veiligheid en veral die veiligheid van hul kinders. In baie huise is bejaardes óf mense met onderliggende mediese toestande, wat die risiko van die gevolge van ‘n Kovid-infeksie verhoog.

Die ander realiteit is dat ’n mens nie vir ‘n onbepaalde tyd in isolasie kan leef nie. Die wiele van die ekonomie moet draai terwyl ons alles moontlik doen om die verspreiding van die virus te bekamp.

Hieronder bespreek ons stappe deur die skool gedoen om die oordraagbare insidensie van Kovid-19 te minimaliseer. Die skool is nie die enigste rolspeler in die lewensketting van ouers, onderwysers en kinders nie. Mense besoek inkopiesentrums, werkplekke en so meer waar die virus oral teenwoordig kan wees. Dit is dus belangrik om te besef dat die skool nie die enigste en eksklusiewe plek van oordraagbaarheid is nie.

Ons moet egter ons bes doen om die risiko van infeksie te beheer en in die proses voldoen aan alle departementele voorskrifte en protokolle wat geformuleer en gepubliseer is.

As skool steun ons op die verantwoordelike optrede van elke individu om hom-/haarself en ander mense om ons, teen moontlike infeksie te beskerm. Ons steun ook baie sterk op die ondersteuning van ons ouers ten opsigte van die skool se planne om die virus

suksesvol te bestry. ‘n Groot dilemma is dat baie positiewe gevalle asimptomaties is en dalk self nie eers bewus is van ‘n positiewe infeksie nie. Dit plaas net soveel meer verantwoordelikheid op ons almal se skouers om by die reëls te hou.

Vandaar ‘n “nuwe” normaal waarin elke individu ‘n deurslaggewende aandeel van belang het. Hiernaas volg nou gedetailleerde inligting oor Hoërskool Randburg se strategie om almal veilig te probeer hou.

1 Besluit om die leerder skool toe te stuur al dan nie:
Leerders wat onderliggende gesondheidsprobleme het, soos bv. diabetes, immuniteitsgebreke-sindrome, TB, HIV en ander moet verkieslik nie skool toe gestuur word nie. Diesulke ouers skakel met die SAU by die skool en onderrig gaan op die “Google Classroom” platform voort, waar hierdie leerders dan geen werk verloor nie en in veilige omstandighede hulle skoolwerk kan doen. Assessering word deur die SAU met hierdie leerders op ‘n individuele basis gereël sodat hulle in afsondering toetse en eksamen kan kom skryf.

Ouers wat weens die Kovid-pandemie nie hulle kinders skool toe wil stuur nie: Ouers het ‘n statutêre plig om leerders van skoolgaande ouderdom skool toe te stuur. Indien ouers anders kies, moet hulle formele prosesse volg waarin hulle aansoek by die hoof van die onderwysdepartement doen om die leerder se skoolplig op te hef. (Die skool sal ondersteun in sulke gevalle.) Ouers kies dan ‘n tuisskool-opsie wat impliseer dat die leerder affilieer by ‘n instansie wat formele tuisskool-programme aanbied. Die skool voorsien ook ‘n formele oorplasings-kaart wat benodig word vir registrasie by tuisskool-diensverskaffers. Die leerder verlaat dus Hoërskool Randburg.

Al gebruik ons “Google Classroom” vir aanlynleer is Hoërskool Randburg nie ‘n tuisskool-diensverskaffer nie. Ons besigheid is kontakonderrig en ons is nie gereed vir formele tuisskool-programme nie. Leerders kan dus nie op ons aanlynleerprogram as ‘n formele skoolalternatief steun nie. Dis slegs aanvullend tot die formele skoolprogram.

2 By die huis:

Neem asb. die leerder se temperatuur indien moontlik. As die temperatuur meer as 38°C is, hou die leerder tuis. Indien die leerder enige simptome toon of selfs net gewone verkoue-simptome wys, hou asb. die leerder tuis totdat die simptome verby is. Raapleeg dadelik u mediese praktisyn vir voorligting oor wat om te doen.

Verseker dat die leerder ‘n lapmasker aanhet en sy/haar eie saniteermiddel en papierhanddoek in die tas het. Leerders moet ook elke dag skoon klere aantrek. ‘n Ekstra masker in die tas word aanbeveel. Indien ‘n masker breek of ’n leerder vir enige rede ‘n ander masker benodig, sal die skool dadelik aan daardie leerder ‘n masker voorsien.

3 Vervoer na die skool:

Indien die leerder van enige vorm van busvervoer gebruik maak, is dit nodig om te verseker dat veiligheidsprotokolle in die bus, soos deur die owerhede bekend-gemaak, gevolg sal word. Busse moet daagliks voor gebruik deeglik gesaniteer word, passasiers se hande moet gesaniteer word en alle passasiers moet maskers dra. Busse moet ook teen die vereiste besettingspersentasie passasiers laai.

Hoërskool Randburg se busroetes is tot verdere kennisgewing opgeskort. Sodra weer in werking, sal die betrokke ouers en leerders in kennis gestel word.

4 Aflaai by die skool:

ALLE leerders moet in die dienspad afgelaai word. Die voetoorgang in Malibongwe rylaan is afgesper as konstruksie-terrein vir ten minste die volgende twee maande. Ons sien uit na die ingebruikneming van ons brug. Slegs die skool se hoofingang word deur alle leerders gebruik aangesien hulle op verskillende tye by die skool arriveer. Die hek word eers 07:00 oopgesluit en sluit weer om 15:30 elke middag.

Daar word verwag dat leerders elke oggend tussen 07:10 en 07:30 afgelaai sal word. Ons wil dit vermy dat leerders buite ‘n toe hek in die straat staan en wag. Verder wil ons vermy dat leerders vir ‘n lang tydperk by hul onderskeie versamelpunte alleen op hulle kolle in die koue moet sit/staan. Ons vra mooi vir ouerhulp indien moontlik.

Kovid-kontrole begin om 07:20 in voogklasverband en die eerste periode begin om 07:45.

Slegs een toegang na die skoolterrein mag gebruik word.

5 Betreding van die skoolterrein:

Leerders: Leerders beweeg langs die afgesperde loopvlakke na hul onderskeie Kovid-kontrolepunte. Leerders mag NIE eers hulle tasse by hulle klasse gaan bêre NIE. Leerders mag nie eers kuier en by die hek versamel nie. Leerders mag nie in groepe loop en kuier soos hulle inbeweeg nie.

Rigtingwysers is op die terrein aangebring. Graad 12-leerders versamel op die vierkant waar elke leerder op ‘n kol voor die betrokke voogklastafel wag, vir sy/haar beurt om deur die kontrolepunt te beweeg. Graad 11- en graad 10-leerders versamel by die paviljoen op kolle soos die graad 12’s. Graad 8 en graad 9 versamel elke oggend by die krieketnette, elkeen op sy eie kol voor sy/haar voogklastafel vir Kovid-kontrole.

6 Kovid-kontrole:

Dit behels die meet van elke leerder se temperatuur met 'n infrarooi temperatuurmeter. Hierdie meters se lesings is soggens sensitief vir die koue weer en gee nie telkens dieselfde lesing nie. Hulle is egter effektief om 'n hoë koors op te tel. Gestel 'n leerder se temperatuur is meer as 38°C word die leerder eenkant gehou vir 'n "afkoel"-periode. Die leerder se temperatuur word weer gemeet om te verseker dat dit minder as 38°C is.

Na die temperatuurlesing word die leerder elke dag vrae gevra. Vrae is aangebring op 'n plakkaat by elke kontrolepunt en die leerder antwoord "ja" of "nee". As laaste stap word die leerder se hande gesaniteer.

Indien die leerder "ja" antwoord op twee van die vrae, en indien die leerder se temperatuur bo 38°C bly, word hy/sy na ons isolasielokaal geneem. Ouers word geskakel en moet dadelik die leerder weer kom haal. Ouers moet dan dadelik die raad van 'n mediese sorggewer inwin en dienooreenkomstig optree. Dit kan beteken dat die leerder vir 'n Kovid-toets moet gaan. Die leerder moet ook by die huis gehou word. Die skool moet ingelig word deur die ouer oor die uitslag van die Kovid-toets indien van toepassing.

Om meer akkuraat te wees en te kompenseer vir oggend-afwykings van meters, word temperature weer tydens eerste pouse en net voor leerders die skool verlaat in die middag geneem. Daar word dus drie maal per dag Kovid-kontrole gedoen.

Die vrae (soos op 'n plakkaat by die kontrolepunt vertoon) waarop die leerder moet antwoord is as volg:

1. Het jy 'n hoë temperatuur?
2. Droë aanhoudende hoes?
3. Het jy seer keel?
4. Sukkel jy om asem te haal?
5. Voel jy swak of moeg?
6. Kan jy kos en drinkgoed normaal proe?
7. Kan jy normaal ruik?
8. Het jy in die laaste 14 dae een van die volgende gedoen:
   Buite grense van RSA gereis?
   Binne RSA oor provinsiale grense gereis?
   In kontak gekom met iemand wat positief getoets is vir die Corona-virus?
   'n Gesondheidsfasiliteit besoek / of gewerk by 'n fasiliteit wat Kovid-19-pasiënte behandel?

7 Betreding van klaslokale:

Senior grade (10, 11 & 12) wissel van klas na lokale geskik vir die aantal leerders per kombinasie. Graad 8 & 9 bly die hele dag in een lokaal en onderwysers wissel van klas tot klas.

Tydens wisseling handhaaf leerders 'n afstand van 1,5m tussen mekaar. Op die stoep hou ons links en wissel nie in bondels nie. By die klas wag die onderwyser die leerders in en hulle tree aan met 'n volgafstand van 1,5m waar die onderwyser elkeen se hande saniteer, voordat hulle die lokaal binnegaan. Leerders beweeg dadelik na hul sitplek wat binne die lokaal ook met 1,5m-intervalle gespasieër is. Die leerder neem dan dadelik sy/haar saniteermiddel en papierhanddoek en maak die skryftafel deeglik skoon. Papierhanddoeke word weggegooi in die Kovid-19-asblik vir daaglikse verwydering en verbranding. Aan die einde van die periode maak die leerder weer sy/haar tafel skoon om voor te berei vir die volgende student wat die tafel gaan gebruik. Maskers of gesigskerms word die hele tyd gedra.

8 Pouses:

Elke graad beweeg direk na hul Kovid-kontrolepunte (een per voogklas) sodat temperature weer gemeet kan word. Soos die oggend staan elkeen weer op 'n kol en wag vir sy/haar kontrolebeurt.

Elke graad het sy toegewysde area waar hulle pouse mag bymekaarkom. Leerders moet tydens pouse te alle tye 'n afstand van 1,5m tussen mekaar handhaaf. Maskers en/of gesigskerms word die hele tyd gedra. Plakkate wat die protokol aandui, is oral op die terrein aangebring.

Graad 12: Vierkant, snoepwinkel-area en grasperke tussen lokale.
Graad 11 & 10: Paviljoen en A-rugbyveld.
Graad 8 & 9: Hokkie-/krieketveld en krieket-kiosk-area.

Na pouse beweeg graad 8 & 9 agter, om die swembad, om by hul klaskamers aan te sluit. Die res beweeg direk na hul klaslokale. Wéér moet 'n afstand van 1,5m tussen almal gehandhaaf word.

9 Toilette:

Toilette word aan verskillende grade toegewys om opeenhoping te vermy.

- Graad 8 en 9: Sportbadkamers
- Graad 10 en 11: S21 , S24 , D21 en D22
- Graad 12: S18 , S20 , D18 , D19 en D20

Leerders tree aan buite kleedkamers met 'n volgafstand van 1,5m. Seuns gebruik gangbadkamers een-een aangesien die kleedkamers beknop is. Dogters mag twee-twee hul gangbadkamers gebruik. By die sportbadkamers word ses leerders per slag toegelaat.
Badkamer-gebruiksinstruksies word op plakkate duidelik aangedui. Met betreding word hande dadelik gesaniteer met die beskikbare middel. Leerders gebruik dan die toilette en, na afloop van gebruik, word hande deeglik gewas met seep en water soos voorsien. Hande word afgedroog met papierhanddoeke wat

dan in die spesiale asblik weggegooi word. Absolute higiëne is krities belangrik in die gebruik van kleedkamers.

Dit spreek vanself dat leerders nie in kleedkamers kan kuier nie.

10 Tasse op stoepe:

Leerders het die gebruik dat hulle die swaar tasse op die stoep laat en net vir klasse kom boeke ruil. Dit mag nie gebeur nie. Die leerder moet sy/haar tas na elke klas saamneem. Die samedromming van leerders by tasse tydens klaswisseling kan nie toegelaat word nie.

11 Skoolafkondiginge:

Leerders is deel van 'n "WhatsApp"-groep waarop daaglikse aankondiginge en orde-reëlings amptelik deurgegee sal word. GEEN saalopeninge of groter groepsbyeenkomste mag gehou word nie. In nood sal elkeen op sy kol in die vierkant toegespreek word. Indien u kind nie die daaglikse afkondigings kry nie, moet hul asb. 'n "WhatsApp" met hul naam, van en graad na 082 340 4843 stuur. Indien u ook die daaglikse afkondigings wil ontvang, kan u by hierdie een-rigting "WhatsApp"-groep aansluit: https://bit.ly/36XWCEB.

12 "Google Classroom" (GC):

GC gaan daagliks bygehou word om werk wat dié dag in die skool gedoen is op hierdie leerbestuurstelsel te reflekteer. Dit stel afwesige leerders of leerders wat tuis is weens onderliggende mediese uitdagings in staat om steeds die verloop van onderrig van die leerplan te kan volg. Spesiale reëlings rondom toetse en ander assesserings sal met die individuele leerders hanteer word. Op alternatiewe dae wat die graad nie skool toe kom nie, word daar eenvoudig soos nou voortgegaan met skoolwerk soos op GC.

13 Teenwoordigheidskontrole:

Kovid-kontrole dien as teenwoordigheidskontrole op die dae wat die spesifieke grade by die skool moet wees. Laatkommers meld aan by die ontvangskantoor. Laatkom moet asb. beperk word.

Indien 'n leerder afwesig gaan wees, MOET die ouer asb. die skool bel en die afwesigheid aanmeld. Ons moet daagliks voor 09:00 bywoningstatistiek aan die GDO deurgee.

14 Skool sluit in die middag:

Ma., Di., Do. en Vry. het elk sewe periodes. Klasse eindig om 13:45 waarna leerders eers weer na hul onderskeie Kovid-kontrolepunte beweeg vir laaste

kontrole van die dag. Sodra die leerder deur die kontrole beweeg het, verlaat hy/sy dadelik die terrein. Skool sluit dus op dié dae om 14:00.
Woensdae het agt periodes en klasse eindig om 14:30. Dan sluit die skool om 14:45 na afloop van Kovid-kontrole.

Sodra gekontroleer:

- Graad 12's beweeg langs die saal verby deur die voortuin tot by die hoofhek vanwaar hulle die terrein verlaat.
- Graad 11 & 10: Beweeg vanaf die paviljoen tussen die swembad en klubhuis deur na die "Vodacom-hek" (hek op krieketveld) vanwaar hulle die terrein verlaat.
- Graad 8 & 9: Beweeg vanaf die krieketnette na dieselfde hek as graad 11 & 10.

LW: Geen ouers mag by dié hek inry waar leerders uitbeweeg nie. Wag asb. in die dienspad om hulle op te laai.

Probeer ook asb. om leerders dadelik op te laai sodat hulle nie by die skool moet sit en wag nie. Dis belangrik dat hulle dadelik huis toe sal gaan en nie in groepe sit en kuier en wag nie.

15 Leerder kom tuis:

Vir die veiligheid van mense by die huis is dit belangrik om die leerder se skooltas en hande te saniteer. Verkieslik moet skoolklere ook uitgetrek word en in die was gegooi word. Veral as daar mense, bv. oupa/ouma en ander met onderliggende gesondheidsprobleme by die huis is.

Leerder se masker moet ook met tuiskoms gewas word en daarna gestryk word. 'n Leerder moet elke dag met 'n skoon masker skool toe kom.

16 Algemene sake:

- Skoolbesoek: Leerders se skoolbywoning word slegs gekontroleer op die dae wat hulle by die skool moet wees. Die dae wat hulle tuis is, word as teenwoordig gereflekteer.
- Leerders (gr 8 – 11) dra skooldrag tydens die dae wat hulle die skool besoek.
- Graad 12's dra Maandae, Woensdae en Vrydae skoolklere. Op Dinsdag en Donderdag dra die graad 12's ondersteuningsdrag met 'n blou denim en toe skoene (tekkies), 'n skoolsweetpak-top, of skool-"Drymac" of Eerstespan-baadjie, welke een hulle sou besit, waarop die skoolwapen verskyn. By gebrek aan so 'n informele baadjie mag die skoolbaadjie op dié dae by die denim gedra word. (Dit gee kans vir die was van skoolklere.)
- Skoolprysuitdeling: Kovid-19 het alle skoolaktiwiteite tot stilstand gebring. Dit sal in oorweging geneem word by die maak van toekennings by die skool se prysuitdelingsaande. Vir 2020 sal die meriete-toekenningskode omvattend verander word.

- GEEN besoekers word by die skool toegelaat nie. Indien werklik nodig word ‘n afspraak gemaak.
- Alle besoekers by die skool word by die hek blootgestel aan Kovid-19-kontrole identies aan dié soos waaraan leerders en personeel elke dag blootgestel word.
- GEEN persoon word op die perseel toegelaat sonder ‘n masker nie.
- Voorkomsreëls is weer geldig aangesien haarkappers weer oopgemaak het. Seuns moet ook asb. skeer.

Wat gebeur wanneer ‘n positiewe geval by ons skool rigbaar word?”
Leerders, onderwysers, adminpersoneel, terreinwerkers en besoekers is almal onderhewig aan blootstelling aan die Kovid-19-virus oral waar ons mag beweeg. Die skool is bepaald nie die enigste plek waar mens die virus kan opdoen nie. Ons moet egter alles menslik doen om te verseker dat die virus nie by die skool oorgedra word nie.

Die persoon wat positief toets, moet dadelik die skool in kennis stel van die toetsuitslag.
Skooloptrede:
- Die skool se “IDSO” en “Circuit Manager” word in kennis gestel.
- ‘n Amptelike rapporteringsvorm word voltooi en aan die Departement versend.
- Die skool skakel die plaaslike verteenwoordiger van die Nasionale Departement van Gesondheid.
- Die Gesondheidsdepartement besoek die skool en assesseer die omvang van moontlike verspreiding van die virus en bepaal wie in self-isolasie behoort te gaan indien enige. Verder bepaal die amptenaar ook of die skool moet sluit en vir hoe lank en watter protokolle gevolg moet word om die fasiliteit weer veilig te maak. Die skool sal weer gesaniteer moet word ten einde die voorkoms van die virus op werks- en gebruiksoppervlaktes te voorkom.
- Die skool volg hierdie instruksies noukeurig.
- Die skool kommunikeer met ouers, onderwysers en leerders oor optrede in geval van ‘n positiewe geval.
- Die skoolprogram gaan voort op “Google Classroom”.
- Skool kommunikeer weer oor die heropening van skool in geval dit nodig was om te sluit.

Optrede van die persoon wat positief getoets het:
- Kontak dadelik ‘n mediese sorggewer, dokter of gesondheidsdepartement vir instruksie en verdere leiding.
- ‘n Periode van self-isolasie word vereis: ten minste 14 dae.
- In só ’n geval gaan die leerder daagliks voort met leer soos geskeduleer op “Google Classroom”.
- Indien ‘n onderwyser, gaan die onderwyser daagliks voort met onderrig van die betrokke vakke en grade op “Google Classroom”.
- Lewer bewys van negatiewe status of ‘n formele brief van ‘n dokter wat veilige toetrede verklaar, alvorens toelating tot die skool weer aanvaar word.

Optrede van ‘n persoon wat in direkte kontak was met ‘n positiewe geval:
- Self-isoleer vir ‘n periode van 14 dae.
- Indien enige simptome toon, skakel u mediese praktisyn vir instruksie en voorligting.

- Neem ‘n Kovid-19-toets indien daar twyfel is.
- Intussen gaan onderrig op “Google Classroom” voort.
- Hou die skool op hoogte van die verloop van gebeure deur direk met die SAU in geval van leerders, of in geval van personeel met die hoof te skakel. Die skool reageer slegs op positiewe gevalle om voorgeskrewe protokolle te inisieer.

Optrede van ‘n persoon wat in kontak was met iemand wat in direkte kontak met ‘n positiewe geval was (d.w.s. indirekte kontak):

- Kanse vir infeksie in so ‘n geval is onwaarskynlik tog nie onmoontlik nie.
- Monitor eie gesondheid en let op simptome.
- Hierdie leerder of onderwyser hou aan om skool by te woon met al die veiligheidsmaatreëls in plek.
- Weens ‘n stortvloed van mense wat getoets wil word, word slegs mense wat simptome het, getoets. Huidige stand van sake in Gauteng – kan later verander.
- Indien simptome voorkom, kontak dadelik u plaaslike mediese praktisyn en vra vir voorligting.
- Gaan dan vir ‘n toets, indien nodig.
- Verwittig die skool in geval die toetsuitslag positief is.

Algemene opmerkings en reëls vir elke dag:

- Dra ‘n lapmasker of gesigskerm wat elke dag gewas en gestryk word.
- Handhaaf te alle tye ‘n sosiale afstand vanaf alle ander mense van ten minste 1,5m - verkieslik 2m.
- Saniteer gebruiksoppervlaktes deurlopend.
- Saniteer hande deurlopend.
- Was hande vir 20 sekondes in lopende water en met seep by elke geleentheid wat jy kan.
- Moenie met jou hande aan enige deel van jou gesig vat nie.
- As jy hoes, gebruik die waai van jou elmboog of gebruik ‘n papiersnesie wat dadelik in die aangewese asblikke weggegooi moet word.
- Moenie ander mense druk, soen of met die hand groet nie.
- Sorg dat jy altyd jou eie saniteermiddel en papierhanddoeke of -snesies byderhand het.
- Beskerm ander mense teen jouself en beskerm jouself teen ander mense.
- Ondersteun positiewe gevalle emosioneel en verseker dat stigmatisering nie plaasvind nie.

Indien iemand vrae sou hê, kontak die skool soos hier aangedui:

- Leerders met data-probleme: Mev. Grethe van Zyl by SAU
- Leerders in isolasie of positief: Mev. Grethe van Zyl by SAU of mnr. Francois Vosloo
- Leerders met emosionele uitdagings of angs: Mev. Stephanie Piek
- Onderwysers wat in isolasie is of positief toets: Hoof
- Akademiese uitdagings: Mev. Ellenize Mans
- Leerder-uitdagings: Mev. Grethe van Zyl
- Kovid-19-verwante sake: Mnr. Francois Vosloo

Ander noodnommers:

Provincial Communicable Disease Control Directorate Gauteng

Chika Asomugh	chika.asomugha@gauteng.gov.za	0823301490
Caroline Kesebilwe	caroline.kesebilwe@gauteng.gov.za	0834908165

STANDARD OPERATING PROCEDURE FOR THE PREVENTION, CONTAINMENT AND MANAGEMENT OF COVID-19 IN SCHOOLS AND SCHOOL COMMUNITIES

- National Department of Health: http://www.health.gov.za
- National Institute for Communicable Diseases: https://www.nicd.ac.za
- National Institute for Occupational Health: http://www.nioh.ac.za
- World Health Organization: https://www.who.int
- Department of Basic Education: https://www.education.gov.za
- National Health Laboratory Service: https://www.nhls.ac.za
- COVID-19 Online Resource & News Portal: www.sacoronavirus.co.za
- NICD Toll-Free Emergency Hotline for COVID-19: 0800 029 999
- WhatsApp Support Line for COVID-19: Send HI to 0600 123 456

Kovid-19 is ons nuwe realiteit. Dit is inderdaad deel van elkeen van ons se lewe. Ons gaan positiewe gevalle by die skool hanteer.
Ons mag net nooit toegee aan emosionele paniek en vrees nie. Kovid-19 vereis 'n rasionele en redelike benadering tot uitdagings. Ons kan nie mense of instellings blameer en stigmatiseer oor besmettings nie. Hierdie vyand skuil in elke winkel, restaurant, skool, werkplek, badkamer – en – en – en. Kovid-19 vereis verantwoordelikheid vir persoonlike optrede en voorsorg waaraan ons **almal** moet voldoen.

Nou is die tyd om met begrip en deernis na mekaar uit te reik. Ons moet mense om ons beskerm teen ons eie vrese en onsekerhede. Kovid-19 kan met ELKEEN van ons gebeur. Ons is verder almal Randjies en 'n Randjie gaan lê nooit nie. Niks, nie Kovid-19 of enige iets anders mag ons onderkry nie. Randjies staan ook saam en nou is die tyd wat ons laer trek en vir mekaar skerm.

Die enigste troos wat ons het, is dat ons Skepper in beheer is. Sy Wil sal geskied soos Hy beplan.

Sterkte en vriendelike groete.

P BOOYSEN: Hoof

Bywoning van grade:

Julie 2020						
Son	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Sat
			1 Dag 3 Graad 12 en 11	2 Dag 4 Graad 12 en 10	3 Dag 5 Graad 12 en 11	4
5	6 Dag 1 Graad 12, 10 en 8	7 Dag 2 Graad 12, 11 en 9	8 Dag 3 Graad 12, 10 en 8	9 Dag 4 Graad 12, 11 en 9	10 Dag 5 Graad 12, 10 en 8	11
12	13 Dag 1 Graad 12, 11 en 9	14 Dag 2 Graad 12, 10 en 8	15 Dag 3 Graad 12, 11 en 9	16 Dag 4 Graad 12, 10 en 8	17 Dag 5 Graad 12, 11 en 9	18
19	20 Dag 1 Graad 12, 10 en 8	21 Dag 2 Graad 12, 11 en 9	22 Dag 3 Graad 12, 10 en 8	23 Dag 4 Graad 12, 11 en 9	24 Dag 5 Graad 12, 10 en 8 Verjaar: 25/07 L Marx	25
26	27 Dag 1 Graad 12, 11 en 9 Verjaar: A van Jaarsveld	28 Dag 2 Graad 12, 10 en 8	29 Dag 3 Graad 12, 11 en 9	30 Dag 4 Graad 12, 10 en 8	31 Dag 5 Graad 12, 11 en 9 Verjaar: 01/08 M Coetsee 02/08 Julia Dladla	

Nuwe Kloktye:

	7 Periodes
1	07:45 - 08:31
2	08:31 - 09:17
3	09:17 - 10:03
4	10:03 - 10:49
Pouse	10:49 - 11:24
5	11:24 - 12:10
6	12:10 - 12:56
7	12:56 - 13:42
Screen	12:45 - 14:00

	8 Periodes
1	07:45 - 08:31
2	08:31 - 09:17
3	09:17 - 10:03
4	10:03 - 10:49
Pouse	10:49 - 11:24
5	11:24 - 12:10
6	12:10 - 12:56
7	12:56 - 13:42
8	13:42 - 14:28
Screen	14:30 - 14:45

Rooster

Skoolrooster - Dag en kombinasie
(Gewone skoolrooster!)

	1	2	3	4	5	6	7	8
Dag 1	K5	K1	K3	K4	K2	K6	K6	
Dag 2	K6	K3	K2	K5	K1	K4	K4	
Dag 3	K1	K1	K3	K6	K5	K5	K2	K4
Dag 4	K4	K5	K2	K2	K3	K1	K6	
Dag 5	K5	K2	K3	K3	K1	K6	K4	

Lokaalindeling

Graad 10 en 11 volg die normale skoolrooster. Ons het op Woensdag, 1 Julie Dag 3
As jou onderwyser nie in haar normale klas is nie, sal sy op die volgende rooster wees....

Graad 8 en 9 bly in die lokaal, waar julle ingedeel is. Die normale skoolrooster word gevolg.
Ons begin Maandag, 6 Julie met Dag 1 se rooster

Klas	Aantal	Lokaal
9A	23	A7
9B	23	A8
9C	23	A9
9D	22	F3
9E	23	C5
9F	24	C6
9G	23	C7



Klas	Aantal	Lokaal
8A	26	A9
8B	28	Skiet
8C	27	C5
8D	25	A7
8E	28	C6
8F	25	A8
8G	28	C7
8H	27	Klubhuis

July 2020

S	M	T	W	T	F	S
			1	2	3	4
5	6	7	8	9	10	11
12	13	14	15	16	17	18
19	20	21	22	23	24	25
26	27	28	29	30	31	

August 2020

S	M	T	W	T	F	S
						1
2	3	4	5	6	7	8
9	10	11	12	13	14	15
16	17	18	19	20	21	22
23	24	25	26	27	28	29
30	31					

September 2020

S	M	T	W	T	F	S
		1	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28	29	30			

October 2020

S	M	T	W	T	F	S
				1	2	3
64	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	31

November 2020

S	M	T	W	T	F	S
1	2	3	4	5	6	7
8	9	10	11	12	13	14
15	16	17	18	19	20	21
22	23	24	25	26	27	28
29	30					

December 2020

S	M	T	W	T	F	S
		1	2	3	4	5
6	7	8	9	10	11	12
13	14	15	16	17	18	19
20	21	22	23	24	25	26
27	28	29	30	31		

KEY

	Weekends
	Days for administration
	School days
	Public holidays
	Revised School holidays

TERM	Duration	No. of weeks	No. of days	No. of public holidays	Actual no. of school days
1	(13) 15 Jan – 18 March	10	(48) 46	00	(48) 46
2	(01 June) 08 June – 07 August	(10) 09	(50) 45	01	(49) 44
3	12 August – 23 September	07	31	00	31
4	05 October – 15 December	11	52	00	52
	Total	(38) 37	(181) 174	01	(180) 173

Public and School Holidays 2020	
01 January	New Year's Day
21 March	Human Rights Day
10 April	Good Friday
13 April	Family Day
27 April	Freedom Day
01 May	Workers' Day
16 June	Youth Day
09 August	National Women's Day
10 August	Public Holiday
24 September	Heritage Day
16 December	Day of Reconciliation
25 December	Christmas Day
26 December	Day of Goodwill

Graad 11

	Komb 1	Komb 2	Komb 3	Komb 4	Komb 5	Komb 6	Onnies
Lokaal							
SAAL	12 Toe	12 FAL	11 Toe 1	12 FAL	12 Toe	12 FAL	1 PE
LO-SAAL	12 Wi		12 Wi	12 Rek	12 Wi	11 Wi 1	1 CdV
Ouditorium	12 Afr	11 Afr 1	12 Afr	12 Afr	11 Afr 1	11 Afr 2	1 LB+ 2 CvdH
K5	11 Afr	12 Afr	11 Afr 1	11 Afr	12 Afr	12 Afr	1 CvdH
K3			12 WG		12 WG		
K4	12 HL		12 FAL	11 FAL			
B3		11 FAL 1	11 Afr 2				1 CdB + 2 CvdH
L2	11 LW	11 WG 1		11 LW	11 Wi 2	11 WG 1	1 FB +2 EGe
Skietbaan	11 WG 1	_		11 IGO 2	11FAL 3	11FAL 4	1 FB+ 2 CT+ 3 IW+ 4 SP

Graad 10

_	Komb 1	Komb 2	Komb 3	Komb 4	Komb 5	Komb 6	Onnies
Lokaal							
SAAL	12 Toe	12 FAL	10 FAL 1	12 FAL	12 Toe	12 FAL	1 NvdW
LO-SAAL	12 Wi	10 WG 1	12 Wi	12 Rek	12 Wi		1 LT
Ouditorium	10 Afr 1	10 Afr 2	12 Afr	12 Afr	10 Wi 3	10 Afr 1	1 MC + 2 MS + 3 FB
K5	10 IGO 1	12 Afr	10 Afr 2	10 Afr 2	12 Afr	12 Afr	1 CT + 2 MC
K3	12 Afr 1		12 WG	10 Toe 2	12 WG	10 Toe 3	1 SS + 2 PE + 3 EdT
K4	12 HL		12 FAL	10 FW 1	10 GVS 2	10 FW 1	1 DF + 2 EdT
L2	10 Wi 1	10 FW 2	10 IGO 3	10 IGO 3	10 LW 4	10 Wi 1	1 EGe + 2 DF + 3 SC + 4 CvB
B3		10 Ontw 1		10 FAL 2	FAL	FAL	1 GM + 2 CdB
Gym	10FAL	_		_			NvdW